BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

**10c** **Dinsdag, 17 Mei 1966** **WINDHOEK** **Tuesday, 17th May, 1966** **No. 2721**

INHOUD

**GOEWERMENTSKENNISGEWING:**

No. 75 Ordonnansies 1966: Uitvaardiging van . . . .

CONTENTS *Bladsy/Page*

**GOVERNMENT NOTICE:**

Ordinances, 1966: Promulgation of . . . . . . 531

## Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Waarn. Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 75.] [17 Mei 1966

ORDONNANSIES, 1966: UITVAARDIGING VAN

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

| *No.* | *Titel* | *Bladsy* |
|---|---|---|
| No. 9. | Middele (1966-67) Ordonnansie 1966 . . | 532 |
| No. 10. | Wysigingsordonnansie insake Heffings vir Inboorlingbehuising 1966 . . . . . | 538 |
| No. 11. | Wysigingsordonnansie op Kredietoordrag tussen die Graanraadafwagtingsrekening en die Boerderybelangefonds, 1966 . . . . | 538 |
| No. 12. | Wysigingsordonnansie op Spesiale Onderstand aan Boere 1966 . . . . . . . | 540 |
| No. 13. | Wysigingsordonnansie op Regsbedeling . | 540 |
| No. 14. | Wysigingsordonnansie op die Landbank 1966 | 542 |
| No. 15. | Wysigingsordonnansie op Kinders 1966 . | 542 |

## Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Acting Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 75.] [17th May, 1966

ORDINANCES, 1966: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

| *No.* | *Title* | *Page* |
|---|---|---|
| | Appropriation (1966-67) Ordinance, 1966 . . . | 533 |
| | Native Housing Levy Amendment Ordinance, 1966 . | 539 |
| | Transfer of Credits Amendment Ordinance between the Grain Board Suspence Account and the Farming Interests Fund, 1966 . . . . . . . . | 539 |
| | Farmers Special Relief Amendment Ordinance, 1966 . | 541 |
| | Administration of Justice Amendment Ordinance, 1966 | 541 |
| | Land Bank Amendment Ordinance, 1966 . . . | 543 |
| | Childrens' Amendment Ordinance, 1966 . . . . | 543 |

No. 9 van 1966.]

# ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n bedrag van hoogstens eenhonderd miljoen, negehonderd en een duisend, drie honderd rand, ten behoewe van die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1967 eindig.

---

*(Goedgekeur 11 Mei 1966)*

*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Gebiedsinkomstefonds belas met R75,770,300 op Inkomsterekening.

1. Die Gebiedsinkomstefonds word hiermee belas met die somme geld wat nodig mag wees vir die diens van die Gebied vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1967 eindig, maar gesamentlik hoogstens vyf-en-sewentig miljoen, sewehonderd en sewentig duisend, drie honderd rand op die inkomsterekening soos uiteengesit in Kolom 1 van die Eerste Bylae.

Gebiedsinkomstefonds belas met R22,000,000 op Leningsrekening.

2. Ingevolge artikel 15 van Ordonnansie 1 van 1926, soos gewysig, word die Gebiedsinkomstefonds verder belas met die somme geld wat nodig mag wees vir die diens van die Gebied vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1967 eindig, maar gesamentlik hoogstens twee-en-twintig miljoen rand ten laste van die Leningsrekening soos uiteengesit in Kolom 1 van die Eerste Bylae.

Administrasierekening belas met R1,000,000 op die Reserwerekening van die Gebiedsontwikkelings- en -Reserwefonds.

3. Ingevolge artikel 6 (2) van Ordonnansie 13 van 1944, soos gewysig deur Ordonnansie 27 van 1957, word die Administrasie-rekening van die Gebied Suidwes-Afrika belas met die somme geld wat nodig mag wees vir die diens van die Gebied, maar gesamentlik hoogstens een miljoen rand op die Reserwerekening van die Gebiedsontwikkelings- en -Reserwefonds, soos uiteengesit in Kolom 1 van die Tweede Bylae.

Administrasierekening belas met R2,131,000 op die Kapitaal Gebeurlikheidsrekening van die Gebiedsontwikkelings- en -Reserwefonds.

4. Ingevolge artikel 6 (2) von Ordonnansie 13 van 1944, soos gewysig deur Ordonnansie 27 van 1957, word die Administrasie-rekening van die Gebied Suidwes-Afrika verder belas met die somme geld wat nodig mag wees vir die diens van die Gebied, maar gesamentlik hoogstens twee miljoen eenhonderd een-en-dertig duisend rand op die Kapitaal Gebeurlikheidsrekening van die Gebiedsontwikkelings- en -Reserwefonds, soos uiteengesit in Kolom 1 van die Derde Bylae.

Hoe geld aangewend moet word.

5. Die geld wat deur hierdie Ordonnansie beskikbaar gestel word, moet aangewend word vir die dienste in besonderhede vermeld in die Bylaes en meer omstandig uiteengesit in die Begroting van Uitgawes (S.W.A. 3—1966) soos deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur, en behoudens artikel *ses* hiervan, en vir geen ander doel nie.

Die Administrateur kan 'n afwyking goedkeur.

6. Met die goedkeuring van die Administrateur kan 'n besparing onder die een subhoof van 'n begrotingspos aangewend word tot dekking van 'n oorskryding onder enige ander subhoof, of van uitgawe onder 'n nuwe subhoof van dieselfde begrotingspos: Met dien verstande dat die somme wat in Kolom 2 van die Eerste Bylae voorkom, nie oorskry mag word nie, en besparings daarop ewemin aangewend mag word vir enige ander doel as dié waarvoor die geld hierby toegestaan word soos in die gemelde Bylaes aangedui. Ingelyks is hierdie goedkeuring ook van toepassing op die Reserwerekening en die Kapitaal Gebeurlikheidsrekening.

Kort titel.

7. Hierdie ordonnansie heet die Middele (1966-67) Ordonnansie 1966.

---

No. 9 of 1966.]

# ORDINANCE

To apply a sum not exceeding one hundred million, nine hundred and one thousand, three hundred rand towards the service of the Territory of South West Africa for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1967.

*(Assented to 11th May, 1966)*

*(Afrikaans text signed by the Administrator)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa:—

Territory Revenue Fund charged with R75,770,300 on Revenue Account.

1. The Territory Revenue Fund is hereby charged with such sums of money as may be required for the service of the Territory for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1967, not exceeding in the aggregate seventy-five million, seven hundred and seventy thousand, three hundred rand on revenue as shown in Column 1 of the First Schedule.

Territory Revenue Fund chargd with R22,000,000 Loan Account.

2. In terms of section 15 of Ordinance 1 of 1926, as amended, the Territory Revenue Fund is further charged with such sums of money as may be required for the service of the Territory, for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1967, not exceeding in the aggregate twenty-two million rand on Loan Account as shown in Column 1 of the First Schedule.

Administration Account charged with R1,000,000 on Reserve Account of the Territorial Development and Reserve Fund.

3. In terms of section 6 (2) of Ordinance 13 of 1944, as amended by Ordinance 27 of 1957, the Administration Account of the Territory of South West Africa is charged with such sums of money as may be required for the service of the Territory, not exceeding in the aggregate one million rand on the Reserve Account of the Territorial Development and Reserve Fund as shown in Column 1 of the Second Schedule.

Administration Account charged with R2,131,000 on Capital Contingencies Account of the Territorial Development and Reserve Fund.

4. In terms of section 6 (2) of Ordinance 13 of 1944, as amended by Ordinance 27 of 1957, the Administration Account of the Territory of South West Africa is further charged with such sums of money as may be required for the service of the Territory, not exceeding in the aggregate two million, one hundred and thirty-one thousand rand on the Capital Contingencies Account of the Territorial Development and Reserve Fund as shown in Column 1 of the Third Schedule.

How money is to be applied.

5. The money appropriated by this Ordinance shall be applied to the services detailed in the Schedules, and more particularly specified in the Estimates of Expenditure (S.W.A. 3—1966), as approved by the Legislative Assembly, and subject to Section *six* hereof, and to no other purpose.

Administrator may approve variation

6. With the approval of the Administrator a saving on any sub-head of a vote may be made available to meet excess expenditure on any other sub-head, or expenditure on a new sub-head of the same vote: Provided that the sums appearing in Column 2 of the First Schedule shall not be exceeded, nor shall savings thereon be available for any purpose other than that for which the money is hereby granted as indicated in the said Schedules. Likewise this approval also applies to the Reserve Account and the Capital Contingencies Account.

Short title.

7. This Ordinance shall be called the Appropriation (1966-67) Ordinance, 1966.

EERSTE BYLAE.

(Ten laste van Inkomsterekening.)

| No. | Benaming van Begrotingspos. | Kolom 1 | Kolom 2 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| 1 | Administrasie . . | 7,925,000 | |
| | Met inbegrip van — | | |
| | Amptelike onthaal deur of namens Sekretaris van Suidwes-Afrika . . . | | 200 |
| | Toelae aan Suidwes-Afrika Jaarboek . . | | 700 |
| | Toelae aan Visnywerheidsnavorsingsinstituut | | 30,000 |
| | Geskenke aan Vooraanstaande persone . . | | 1,000 |
| | Toelae aan die Kommissie vir die behoud van Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Antieke Voorwerpe . . | | 2,000 |
| | Toelae aan die Dierebeskermingsvereniging . | | 200 |
| | Toelae aan die S.W.A. Nasionale Skietvereniging . . . . . . . | | 400 |
| | Toelae aan Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad . . . . . | | 15,000 |
| | Toelae aan Boerderybelangefonds . . . . | | 400,000 |
| | Toelaes aan Eisteddfodkomitees . . . . | | 3,000 |
| | Toelae aan Namib Woestyn Navorsingstasie te Gobabeb . . . . | | 500 |
| | Hulptoelae aan die Munisipaliteit, Windhoek ter vergoeding vir nie-lonende dienste aan die Administrasie gelewer (uitgeslote nie-lonende dienste op bou-erwe) . . | | 40,600 |
| 2 | Wetgewende Vergadering . . . . . | 95,000 | |
| 3 | Landbou . . . . | 2,646,000 | |
| 4 | Ouditering . . . . | 111,000 | |
| 5 | Doeane en Aksyns . . | 71,400 | |
| 6 | Onderwys . . . . | 6,637,000 | |
| 7 | Werke . . . . . | 3,040,000 | |
| 8 | Regspleging . . . | 335,700 | |
| 9 | Staatsnedersetting en Boerebystand, Aktes en Opmetings . . . . | 1,584,000 | |
| 10 | Mynwese . . . . | 35,900 | |
| 11 | Waterwese . . . . | 1,902,000 | |
| 12 | Pensioene en Gratifikasies . . . . . . . | 640,500 | |
| 13 | Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese . . . . | 2,574,000 | |
| 14 | Gevangenisse . . . | 265,800 | |
| 15 | Gesondheid . . . . | 4,631,000 | |
| 16 | Paaie . . . . . | 983,000 | |
| 17 | Volkswelsyn . . . | 868,000 | |
| 18 | Aanwending uit Inkomstefonds van die Gebied tot die Gebiedsontwikkelings- en -Reservefonds . . . . . | 41,425,000 | |
| | Totaal | R 75,770,300 | |

(Ten laste van Leningsrekening)

FIRST SCHEDULE.

(Chargeable to Revenue Account.)

| No. | Vote Designation | Column 1 | Column 2 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| 1 | Administration . . | 7,925,000 | |
| | Including — | | |
| | Official entertainment by or on behalf of Secretary for South West Africa | | 200 |
| | Grant to South West Africa Annual . . . | | 700 |
| | Grant to Fishing Industry Research Institute . | | 30,000 |
| | Gifts to distinguished persons . . . . . | | 1,000 |
| | Grant to the Commission for the preservation of Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques . . . | | 2,000 |
| | Grant to the Society for the Prevention of Cruelty to Animals . . . | | 200 |
| | Grant to S.W.A. National Bisley Association . | | 400 |
| | Grant to South African Road Safety Council . | | 15,000 |
| | Grant to Farming Interests Fund . . . . | | 400,000 |
| | Grants to Eisteddfod Committees . . . . | | 3,000 |
| | Grant to the Namib Desert Research Station at Gobabeb . . . . | | 500 |
| | Grant-in-aid to the Windhoek Municipality as compensation for non-remunerative services rendered to the Administration (excluding non-remunerative services on building erven) . . . | | 40,600 |
| 2 | Legislative Assembly . | 95,000 | |
| 3 | Agriculture . . . . | 2,646,000 | |
| 4 | Audit . . . . . | 111,000 | |
| 5 | Customs and Excise . . | 71,400 | |
| 6 | Education . . . . | 6,637,000 | |
| 7 | Works . . . . . | 3,040,000 | |
| 8 | Administration of Justice . . . . . . | 335,700 | |
| 9 | State Settlement and Farmers Assistance, Deeds and Surveys . . | 1,584,000 | |
| 10 | Mines . . . . . | 35,900 | |
| 11 | Water Affairs . . . | 1,902,000 | |
| 12 | Pensions and Gratuities | 640,500 | |
| 13 | Posts, Telegraphs and Telephones . . . . | 2,574,000 | |
| 14 | Prisons . . . . . | 265,800 | |
| 15 | Health . . . . . | 4,631,000 | |
| 16 | Roads . . . . . | 983,000 | |
| 17 | Social Welfare . . . | 868,000 | |
| 18 | Appropriation from Territory Revenue Fund to the Territorial Development and Reserve Fund | 41,425,000 | |
| | Total | R 75,770,300 | |

(Chargeable to Loan Account.)

## TWEEDE BYLAE.

(Ten laste van die Reserwerekening van die Gebiedsontwikkelings- en -Reserwefonds.)

| No. | Benaming van Begrotingspos. | Kolom 1 | Kolom 2 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| A. | Algemene droogte- en bek- en klouseernoodleningsmaatreëls soos: (1) subsidie van R2 per sak op mielies en mielieprodukte vir die uitsluitlike voordeel van die verbruiker; (2) voerlenings aan boere; (3) noodvoeding in Ovamboland; (4) noodvoeding van nieblanke kinders buite Ovamboland; (5) of enige ander noodlenigingsmaatreëls waarvoor daar nie spesifieke voorsiening is nie . . . . . | 1,000,000 | |
| | Totaal | R 1,000,000 | |

## DERDE BYLAE.

(Ten laste van die Kapitaal Gebeurlikheidsrekening van die Gebiedsontwikkelings- en -Reserwefonds.)

| No. | Benaming van Begrotingspos. | Kolom 1 | Kolom 2 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| A. | Staatswaterskemas: | | |
| | 1. Mariental (Hardap) . | 750,000 | |
| | 2. Rooibank . . . . | 500,000 | |
| | 3. Gobabis . . . . | 16,000 | |
| | 4. Huishoudelike watervoorrade in Inboorlinggebiede vir Skole, Hospitale en Regeringsinrigtings . . . . | 450,000 | |
| | 5. Karasburg . . . | 50,000 | |
| | 6. Otjiwarongo . . . | 10,000 | |
| | 7. Karibib . . . . | 255,000 | |
| | 8. Hentiesbaai . . . | 100,000 | |
| | Totaal | R 2,131,000 | |

## SAMEVATTING.

| | |
|---|---|
| Bedrag ten laste van Inkomsterekening . | R 75,770,300 |
| Bedrag ten laste van Leningsrekening . . | R 22,000,000 |
| Bedrag ten laste van Reserwerekening van die Gebiedsontwikkelings- en Reserwefonds . . . . . . . . . . | R 1,000,000 |
| Bedrag ten laste van die Kapitaal Gebeurlikheidsrekening van die Gebiedsontwikkelings- en -Reserwefonds . . . | R 2,131,000 |
| Totaal | R100,901,300 |

## SECOND SCHEDULE.

(Chargeable to the Reserve Account of the Territorial Development and Reserve Fund.)

| No. | Vote Designation | Column 1 | Column 2 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| A. | General drought and foot and mouth disease relief measures such as: (1) subsidy of R2 per bag on mealies and mealie products for the exclusive benefit of the consumer; (2) forage loans to farmers; (3) emergency feeding in Ovamboland; (4) emergency feeding of non-white children outside Ovamboland; (5) or any other relief measures for which special provision has not been made . . | 1,000,000 | |
| | Total | R 1,000,000 | |

## THIRD SCHEDULE.

(Chargeable to the Capital Contingencies Account.)

| No. | Vote Designation | Column 1 | Column 2 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| A. | State Water Schemes: | | |
| | 1. Mariental (Hardap) . | 750,000 | |
| | 2. Rooibank . . . | 500,000 | |
| | 3. Gobabis . . . . | 16,000 | |
| | 4. Domestic water supply in Native Areas for Schools, Hospitals and Government institutions . . . . . | 450,000 | |
| | 5. Karasburg . . . | 50,000 | |
| | 6. Otjiwarongo . . . | 10,000 | |
| | 7. Karibib . . . . | 255,000 | |
| | 8. Hentie's Bay . . . | 100,000 | |
| | Total | R 2,131,000 | |

## SUMMARY.

| | |
|---|---|
| Amount chargeable to Revenue Account . | R 75,770,300 |
| Amount chargeable to Loan Account . . | R 22,000,000 |
| Amount chargeable to Reserve Account of the Territorial Development and Reserve Fund . . . . . . . . | R 1,000,000 |
| Amount chargeable to the Capital Contingencies Account of the Territorial Development and Reserve Fund . . | R 2,131,000 |
| Total | R100,901,300 |

No. 10 van 1966.]

# ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie insake heffings vir Inboorlingbehuising 1961.

---

*(Goedgekeur 11 Mei 1966)*

*(Engelse teks deur die Administrateur geteken)*

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident, dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel, ooreenkomstig die bepalings van artikel 26 van die Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925 (Wet 42 van 1925) van die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, VERORDEN:—

Wysiging van Artikel 3 van Ordonnansie 33 van 1961.

1. Artikel 3 van die Ordonnansie insake Heffings vir Inboorlingbehuising 1961 (Ordonnansie 33 van 1961) word hierby gewysig deur die woorde „teen 'n skaal wat nie vyftig sent per week oorskry nie" in subartikel (1) te vervang deur die woorde „teen 'n skaal wat nie een rand per week oorskry nie".

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie insake Heffings vir Inboorlingbehuising 1966.

---

No. 11 van 1966.]

# ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Kredietoordrag tussen die Graanraadafwagtingsrekening en die Boerderybelangefonds, 1963.

---

*(Goedgekeur 11 Mei 1966)*

*(Engelse teks deur die Administrateur geteken)*

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN soos volg —

Wysiging van Artikel 1 van Ordonnansie 4 van 1963.

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op Kredietoordrag tussen die Graanraadafwagtingsrekening en die Boerderybelangefonds, 1963 (Ordonnansie 4 van 1963) word hierby gewysig deur die woorde „'n bedrag van eenhonderd een-en-twintigduisend rand" deur die woorde „enige gelde soos van tyd tot tyd benodig" te vervang.

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Kredietoordrag tussen die Graanraadafwagtingsrekening en die Boerderybelangefonds, 1966.

---

No. 10 of 1966.]

# ORDINANCE

To amend the Native Housing Levy Ordinance, 1961.

*(Assented to 11th May, 1966)*
*(English text signed by the Administrator)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President in so far as such consent is necessary previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section 26 of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925) of the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 3 of Ordinance 33 of 1961.**

1. Section 3 of the Native Housing Levy Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961) is hereby amended by the substitution for the words "at a rate not exceeding fifty cents per week" in sub-section (1) of the words "at a rate not exceeding one rand per week".

**Short title.**

2. This ordinance shall be called the Native Housing Levy Amendment Ordinance, 1966.

No. 11 of 1966.]

# ORDINANCE

To amend the Transfer of Credits Ordinance between the Grain Board Suspense Account and the Farming Interests Fund, 1963.

*(Assented to 11th May, 1966)*
*(English text signed by the Administrator)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

**Amendment of Section 1 of Ordinance 4 of 1963.**

1. Section 1 of the Transfer of Credits Ordinance between the Grain Board Suspense Account and the Farming Interests Fund, 1963 (Ordinance 4 of 1963) is hereby amended by the substitution for the words "an amount of one hundred and twenty-one thousand rand" of the words "any moneys as from time to time required".

**Short Title.**

2. This ordinance shall be called the Transfer of Credits Amendment Ordinance between the Grain Board Suspense Account and the Farming Interests Fund, 1966.

No. 12 van 1966.]

# ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Spesiale Onderstand aan Boere 1959 om die Administrateur te magtig om die datum tot wanneer aansoek om 'n lening vir krag- en ander voer of weiding gemaak kan word, en die maksimum bedrag van sodanige lening, te bepaal.

*(Goedgekeur 11 Mei 1966)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 16 van 1959 soos gewysig by artikel 1 van Ordonnansie 26 van 1960, artikel 1 van Ordonnansie 14 van 1961, artikel 1 van Ordonnansie 26 van 1962, artikel 1 van Ordonnansie 2 van 1963 en artikel 1 van Ordonnansie 12 van 1964.

1. Artikel 2 van die Ordonnansie op Spesiale Onderstand aan Boere 1959 (Ordonnansie 16 van 1959) word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:—

„(2) Die raad kan behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie en uit gelde wat die Wetgewende Vergadering spesiaal daartoe bewillig het aan enigiemand vir wie die bepalings van paragrawe (a) en (b) van subartikel (1) geld, en wat op of voor 'n datum deur die Administrateur by proklamasie bepaal, daarom aansoek gedoen het, en wat, omdat sy middele nadelig getref is deur die heersende droogtetoestande, geen redelike middele het om vir die behoud van sy vee krag- of ander voer aan te koop of weiding te huur nie, 'n lening toestaan om sodanige krag- of ander voer aan te koop of sodanige weiding te huur: Met dien verstande dat die Administrateur die maksimum bedrag van sodanige lening van tyd tot tyd kan bepaal."

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Spesiale Onderstand aan Boere 1966, en word beskou as in werking te getree het met ingang van die eerste dag van April 1959.

No. 13 van 1966.]

# ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Rechtsbedeeling Proklamatie 1919.

*(Goedgekeur 11 Mei 1966)*
*(Engelse teks deur die Administrateur geteken)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel 26 van die Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925 (Wet 42 van 1925) van die Republiek van Suid-Afrika, VERORDEN:—

Wysiging van artikel 11 van Proklamasie 21 van 1919 soos gewysig by Proklamasie 4 van 1936 en artikel 13 van Wet 74 van 1964.

1. Artikel 11 van die Rechtsbedeeling Proklamatie 1919 (Proklamasie 21 van 1919) word hierby gewysig deur die skrapping van subartikel (10).

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Regsbedeling 1966.

No. 12 of 1966.]

# ORDINANCE

To amend the Farmers' Special Relief Ordinance, 1959, to grant to the Administrator authority to determine the date up to when application can be made for a loan for concentrates or other fodder or grazing, and to determine the maximum amount of such loan.

*(Assented to 11th May, 1966)*

*(Afrikaans text signed by the Administrator)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 2 of Ordinance 16 of 1959, as amended by section 1 of Ordinance 26 of 1960, section 1 of Ordinance 14 of 1961, section 1 of Ordinance 26 of 1962, section 1 of Ordinance 2 of 1963 and section 1 of Ordinance 12 of 1964.

1. Section 2 of the Farmers' Special Relief Ordinance, 1959, (Ordinance 16 of 1959) is hereby amended by the substitution for sub-section (2) of the following sub-section:—

"(2) The Board may subject to the provisions of this ordinance, and from moneys specially voted therefor by the Legislative Assembly, grant to any person to whom the provisions of paragraphs (a) and (b) of sub-section (1) apply, and who has applied therefor on or before a date determined by the Administrator by proclamation, and who by reason of his means having been adversely affected by the prevailing conditions of drought, has no reasonable means of buying concentrates or other fodder or hiring grazing for the sustenance of his stock, a loan for the purpose of purchasing such concentrates or other fodder or hiring such grazing; Provided that the Administrator may from time to time determine the maximum amount of such loan."

Short title and date of coming into operation.

2. This ordinance shall be called the Farmers' Special Relief Amendment Ordinance, 1966, and shall be deemed to have come into operation on the first day of April, 1959.

No. 13 of 1966.]

# ORDINANCE

To amend the Administration of Justice Proclamation, 1919.

*(Assented to 11th May, 1966)*

*(English text signed by the Administrator)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President in so far as such consent is necessary previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section 26 of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925) of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 11 of Proclamation 21 of 1919 as amended by Proclamation 4 of 1936 and section 13 of Act 74 of 1964.

1. Section 11 of the Administration of Justice Proclamation, 1919 (Proclamation 21 of 1919) is hereby amended by the deletion of sub-section (10).

Short title.

2. This ordinance shall be called the Administration of Justice Amendment Ordinance, 1966.

No. 14 van 1966.]

# ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Landbank Proklamasie 1935, om die verhuur van enige sekuriteit, gegee ingevolge daardie proklamasie, sonder die skriftelike toestemming van die Bank te verbied.

*(Goedgekeur 11 Mei 1966)*

*(Engelse teks deur die Administrateur geteken)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:

Invoeging van Verbintenis (4) A in Tweede Bylae tot Proklamasie 22 van 1935.

1. Die Tweede Bylae tot die Landbank Proklamasie 1935 (Proklamasie 22 van 1935) word hierby gewysig deur die invoeging van die volgende verbintenis:

(4) A Dat die sekuriteit nie sonder die skriftelike toestemming van die Bank verhuur mag word nie.

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Landbank 1966.

No. 15 van 1966.]

# ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die insameling van sekere fondse deur sekere kinders deur middel van straathandel en om vir dié doel artikel 19 van die Kinderordonnansie 1961 te wysig.

*(Goedgekeur 11 Mei 1966)*

*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika met die toestemming van die Staatspresident, dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel 26 van die Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925 soos gewysig by artikel 16 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 van die Republiek van Suid-Afrika VERORDEN —

Wysiging van Artikel 19(1) van Ordonnasie 31 van 1961.

1. Artikel 19 (1) van die Kinderordonnansie 1961 (Ordonnansie 31 van 1961) word hierby gewysig deur die invoeging van die volgende bykomende voorbehoudsbepaling —

„Met dien verstande voorts dat die bepalings van paragraaf (c) nie van toepassing is nie op 'n skoolgaande kind wat fondse insamel uitsluitlik vir *bona fide* skool- of skoolkoshuisfondse of op 'n kind wat lid is van 'n jeugorganisasie wat deur die Administrateur erken word en as lid van 'n span of groep onder leiding en toesig van 'n volwassene persoon verbonde aan sodanige organisasie, fondse insamel uitsluitlik ten behoewe van daardie organisasie waarvan hy lid is."

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Kinders 1966 en tree in werking op 1 Julie 1966.

No. 14 of 1966.]

# ORDINANCE

To amend the Land Bank Proclamation, 1935, so as to prohibit the lease of any security furnished under that proclamation without the written consent of the Bank.

---

*(Assented to 11th May, 1966)*

*(English text signed by the Administrator)*

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:

Insertion of Covenant (4) A in Second Schedule to Proclamation 22 of 1935.

1. The Second Schedule to the Land Bank Proclamation, 1935 (Proclamation 22 of 1935) is hereby amended by the insertion of the following covenant;

(4) A That the security may not be leased without the written consent of the Bank.

Short title.

2. This ordinance shall be called the Land Bank Amendment Ordinance, 1966.

---

No. 15 of 1966.]

# ORDINANCE

To provide for the collection of certain funds by means of street-trading by certain children and for that purpose to amend section 19 of the Children's Ordinance, 1961.

---

*(Assented to 11th May, 1966)*

*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section 26 of the South West Africa Constitution Act, 1925, as amended by section 16 of the South West Africa Affairs Amendment Act 1949 of the Republic of South Africa, as follows —

Amendment of Section 19(1) of Ordinance 31 of 1961.

1. Section 19 (1) of the Children's Ordinance, 1961 (Ordinance 31 of 1961) is hereby amended by the insertion of the following additional proviso —

"Provided further that the provisions of paragraph (c) shall not be applicable to a schoolgoing child who raises funds solely for *bona fide* school or school hostel funds or to a child who is a member of a youth organization recognized by the Administrator and as a member of a group or a team under control and supervision of an adult attached to such an organization, raises funds solely for the benefit of such organization of which he is a member."

Short title and date of commencement.

2. This ordinance shall be called the Children's Amendment Ordinance, 1966, and shall come into operation on the 1st day of July, 1966.